



**Verbond = Liefdes
ooreenkoms**

Ark Blitz



(Les 20) - GOD SE PAD LOOP DEUR DIE WATER

maats lees Eksodus 13:17-18,20-22 en 14:1-31

Uiteindelik was die Israeliete op pad! Hulle kon seker nie wag om daar pad te gee nie. Hulle wou net so v \hat{e} r moontlik uit Egipte wegkom. Nou was hulle skielik vry. Maar die Here het die Israeliete se hart geken. Hy het geweet hulle sou dadelik wou teruggaan Egipte toe sodra hulle probleme langs die te \hat{e} kom. Ons sal ook hoor hoe dikwels die volk by God en by Moses gekla en gedreig het om terug te draai Egipte toe. Onthou, Egipte, met al die pyn en lyding, was al wat hulle hul lewe lank geken het. Daarom het die Here besluit om die Israeliete met 'n langer pad uit Egipte te laat wegtrek. Dit het Hy gedoen om hulle so vinnig moontlik en so v \hat{e} r moontlik van Egipte af weg te kry. Die Here het hulle op hierdie pad gelei met die wonders van die wolkkolom en die vuurkolom. Die wolkkolom het bedags voor hulle uitgetrek om vir hulle die pad te wys en die vuurkolom het snags hulle pad verlig. So kon hulle in die eerste ruk dag en nag trek om so gou moontlik so v \hat{e} r moontlik weg te kom. Nie lank nadat die Israeliete uit Egipte weggetrek het nie, het die farao spyt gekry omdat hy toegelaat het dat die volk kon trek. "Wie gaan nou al die harde werk vir ons doen?" het hy gevra. Die Egiptenaars het toe mos nie meer slawe gehad nie. Die hardkoppige farao hits toe sy le \hat{e} r aan om die Israeliete agterna te sit. Intussen het die Israeliete langs die Rietsee kamp opgeslaan. Toe hulle eendag opkyk, sien hulle in die v \hat{e} rte 'n stofwolk aankom. Hulle het gou besef dit was die farao en sy weermag. Hulle was skielik knie diep in die moeilikheid. Voor hulle was die Rietsee en agter hulle het die Egiptenaars met moord in hulle hart nadergekom. En toe gebeur presies wat die Here geweet het, sou gebeur! Die Israeliete het onder mekaar gemor en by Moses gaan kla: "Wat het jy nou gedoen? Jy het ons hiernat toe gebring. Nou gaan ons hier in die vreemde, in die woestyn, sterf. Dit sou beter gewees het as ons in Egipte gebly het. Daar sou ons nog slawe gewees het, maar ons sou ten minste geleef het. Nou is ons vry, maar ons gaan hier in die woestyn begrawe word. Moses het vir die Israeliete ges \hat{e} : "Moenie bang wees nie. Hou hulle net dop en kyk hoe die Here julle vandag gaan red. Vandag sien julle die Egiptenare vir die laaste keer! Bly net stil en kyk hoe veg die Here vir julle." Op bevel van die Here het Moses sy kiere opgelig en dit oor die Rietsee uitgesteek. Skielik het die Here die seewater oopgeklou sodat die volk Israel op dro \hat{e} grond kon deurtrek. Die Egiptenaars wou dieselfde doen, maar toe hulle in die middel van die Rietsee was, het die Here verwarring onder hulle gesaai. Hulle strydwaens se wiele het begin afval sodat hulle nie vorentoe of agtertoe kon beweeg nie. Natuurlik was dit die Here wat dit

gedoen het. Moses het toe weer sy kiere opgelig en dit oor die see uitgesteek. Skielik het die water teruggevloei en die farao en sy hele le \hat{e} r het in die Rietsee verdrink. Dit was nog 'n wonderwerk van die Here.

Die volk het langs die Rietsee gestaan en teruggekyk op die wonderwerk wat so pas gebeur het. Soos verlore mense veronderstel is om te doen, het hulle met dankbare harte 'n loflied tot eer van die Here, hulle Redder, gesing.

